education
Department: Education
GAUTENG PROVINCE

Johannesburg Cluster
Common Examination
Vraestel 3

Kreatiewe Skryfwerk

November 2011

AFRIKAANS EAT
GRAAD 10

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

GDO JOHANNESBURG GROEP AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL GRAAD 10
NOVEMBER 2011
VRAESTEL 3

INSTRUKSIES:

1. Kies en beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
   AFDELING A: OPSTEL (50)
   AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS (30)
   AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS (20)

3. Nommer ASSEBLIEF die skryfstukke wat jy kies korrek, volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Vir elke skryfstuk moet jy 'n beplanning en 'n finale skryfstuk inhandig.

5. NB! Dui elke poging duidelik aan.

6. Dui die hoeveelheid woorde by elke finale skryfstuk aan.

7. Beplan jou tyd as volg:
   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Gee aandag aan: Punktuasie, woordorde (STOMPI), paragrafering en spelling.

9. Skryf netjies en leesbaar.

10. Gebruik 'n blou pen.

11. Ontspan, wees kreatief en geniet dit !!

AFDELING A (Opstel)

VRAAG 1

Kies **EEN** van die volgende onderwerpe en skryf 'n opstel van **150-200 woorde** daaroor. Voorsien jou opstel van 'n gepaste titel.

1.1 "... en toe word ek wakker. Ek is so bly / ongelukkig dat dit net 'n droom was."



Skryf 'n OPSTEL oor 'n wonderlike of aaklige droom wat jy gehad het. Eindig jou opstel met bogenoemde woorde.
Jy kan dink aan:

- waaroor het jy gedroom?
- was dit 'n wonderlike of aaklige droom?
- wie was die karakters in jou droom?
- waar het alles gebeur?
- gaan die droom jou lewe verander en hoe? (50)

OF

1.2. Jou ouma/oupa het verlede maand tagtig (80) jaar oud geword. Dit was 'n groot familiefees. Die meeste van jou familielede was daar.

Skryf 'n OPSTEL waarin jy van die partytjie vertel.
Jy kan dink aan:

- wie was almal daar?
- Ouma/Oupa se reaksie.
- waar is die partytjie gehou?
- watter presente het Ouma/Oupa gekry?
- wat het julle geëet? (50)

OF

1.3 Jy kry 'n SMS op jou selfoon. Dit verander jou hele lewe. Skryf 'n OPSTEL waarin jy vertel hoe die sms jou lewe verander.

Jy kan dink aan:

- wat in die sms gesê is?
- wie dit gestuur het?
- wat die boodskap was.
- hoe dit jou lewe verander het?
- hoe dit ander se lewens ook verander?
- Hoe jy voel oor die boodskap? (50)

OF

1.4 Menseregtedag (human-rights day) word elke jaar in Suid-Afrika gevier.Regte en verantwoordelikhede (responsibilities) gaan hand aan hand.

Skryf 'n OPSTEL waarin jy vertel wat jy dink, Suid-Afrikaners se regte en verantwoordelikhede rakende menseregte is.

Jy kan dink aan:

- elke reg het 'n verantwoordelikheid.
- menseregtedag moet / moet nie gevier word nie.
- van die regte wat jy sal verander.
- sekere regte is belangriker as ander. (50)

OF

1.5 Kinders wat laat by hulle skole kom, is nasionaal 'n groot probleem. Die Gauteng Departement van Onderwys sien die verkoop van laatkomkaartjies as 'n moontlike oplossing (solution) vir die groot probleem.

Skryf 'n OPSTEL waarin jy die voor-en-nadele (advantages/ disadvantages) van laatkomkaartjies bespreek.

Die volgende is belangrik:

- wat is die voordele en nadele van die verkoop van laat komkaartjies is.
- watter invloed , voel jy, het kinders wat laatkom op hulle eie en ander se skoolwerk?
- wat dink jy oor die laatkommery.
- wat dink jy is die redes waarom kinders laat kom?
- Wat anders kan die Departement van Onderwys doen om laatkommery te beperk? (50)

OF

1.6 **Visuele tekste**

Kyk goed na die volgende prente. Kies **EEN** van die prente en skryf 'n OPSTEL daaroor.

1.6.1

(50)

OF

1.6.2.



(50)

OF

1.6.3

(50)

(50)

TOTAAL AFDELING A: 50

EN

AFDELING B (Langer Transaksionele Stukke)

VRAAG 2

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n stuk van **120-150 woorde** daaroor:

2.1. Een van die leerders in jou skool het **een miljoen** rand in 'n sms-kompetisie gewen. Jy is gevra om iets hieroor vir julle skoolkoerant hieroor te skryf. Skryf 'n koerantartikel oor jou onderhoud met die leerder.

Jy kan dink aan:

- watter kompetisie was dit?
- wie die leerder gaan help om die geld reg te gebruik?
- wat die leerder met die geld wil doen?
- wat die leerder se vriende van die prys sê?
- hoe dit die leerder se lewe gaan verander? (30)

OF

2.2 Jy en jou gunsteling onderwyser het oor iets simpel,'n argument gehad. Jy voel baie sleg, want jy het nie respek getoon nie. Jy het net 'n slegte dag gehad en wil jammer sê. Skryf 'n dialoog van jou gesprek met die onderwyser waarin jy jammer sê.

Onthou:

- om die regte formaat van 'n dialoog te gebruik.
- beide persone moet dieselfde hoeveelheid spreukbeurte hê. (30)

OF

2.3. 'n Protesoptog (protest march) het voor jou huis plaasgevind. Jy het gesien hoe 'n man ernstig beseer is.

Die polisie vra jou as ooggetuie (eye witness) om 'n verslag te skryf. Onthou om presies te skryf wat gebeur het.

Jou verslag moet die volgende hê:

- jou volle name en van.
- jou geboortedatum.
- waar jy was en hoekom.
- wat jy gesien het.
- wat jou reaksie was. (30)

2.4. Jy en jou nefie / niggie het vir omtrent twaalf (12) jaar in dieselfde huis gebly. Jy het hom / haar vir twee jaar nie gesien nie, want hy / sy bly nou in 'n ander provinsie. Daar was 'n familiefees en jou nefie / niggie kon dit nie bywoon nie. Skryf 'n vriendskaplike brief waarin jy jou nefie / niggie van die fees vertel en jou jammerte uitspreek omdat hy / sy nie daar kon wees nie. (30)

TOTAAL AFDELING B: 30

EN

AFDELING C (Korter transaksionele stukke)

VRAAG 3

Kies **EEN** van die volgende onderwerpe en skryf 'n stuk van **80-100 woorde** daaroor.

3.1. Bedankingskaartjie

Jy het 'n familiekrisis gehad. Jou beste vriend / vriendin het jou wonderlik ondersteun (supported). Skryf 'n kaartjie waarin jy hom / haar bedank vir die ondersteuning.

Dink aan die volgende:

- Wat die krisis was.
- Spesifieke dinge wat jou vriend / vriendin gedoen het gedurende die krisis.
- Wat die ondersteuning vir jou beteken het.

Onthou:

- gebruik volsinne.
- uitleg is belangrik, maar jy sal nie gepenaliseer word, as jy nie kleur gebruik nie. (20)

OF

3.2. Jy vermoed dat jou vriend by die huis afgeskeep (neglected) word. Daar is nie genoeg kos nie en sy ouers is amper nooit by die huis nie. Stuur 'n sms aan die kinderhulplyn waarin jy vertel hoekom jy bekommerd is en dink dat iets verkeerd is.

Onthou:

- al is dit 'n sms mag jy **NIE** sms-taal gebruik **NIE!!**
- jy moet volsinne gebruik.
- jy wil anoniem bly, so jy gee alle inligting van 'n onderwyser wat gekontak kan word.
- sê in jou sms wie die onderwyser is en waar hy/sy gekontak kan word.
- Sê ook hoekom jy anoniem wil bly. (20)

OF

3.3. Jy wil jou selfoon verkoop. Ontwerp 'n advertensie waarin jy die selfoon adverteer.

Onthou om die volgende inligting te gee:

- Die tipe selfoon wat dit is.
- Hoeveel die foon werd is.
- Hoeveel jy vir die selfoon wil hê.
- Waar kan jy gekontak word.
- In watter toestand is die foon is.
- Die verskillende funksies van die foon.

Onthou om volsinne te gebruik. (20)

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOT TOTAAL [100]